**November - Desember 2024**

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 24, No. 6** **Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov & Dec 2023 *Tomorrow's World*-tydskrifte**



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Nog nie "My Vader se wêreld nie"

*"This Is My Father's World"* is 'n gewilde lied wat geskryf is deur Maltbie Davenport Babcock en is die eerste keer gepubliseer in 1901. Daar is min twyfel dat dit uit 'n hart vol dankbaarheid gekom het oor die skoonheid wat hy tydens sy wandelings gesien het langs die Niagara Platorand en op die oewers van Lake Ontario in die deelstaat New York. Ongeag of dit nou deur kinders sonder begeleiding gesing word of deur meer afgeronde stemme met begeleide instrumente, dit het 'n boeiende melodie met woorde wat God se glorieryke skepping verklaar.

Wie kan frases verwerp soos: *"I rest me in the thought of rocks and trees, of skies and seas – His hand the wonders wrought"?* Or, *"And to my listening ears all nature sings, and round me rings the music of the spheres"?* Koning Dawid van Israel het soortgelyke gedagtes gedeel toe hy geskryf het: "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande ... en daar is geen spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem" (Psalm 19:2, 4).

Nog nooit in die geskiedenis van die mens het ons so min verskoning gehad om *nie* in 'n Goddelike Skepper te glo nie. Ons kan nou verder in die heelal insien as wat ons ons ooit voorheen kon voorstel en ons kan ook 'n mikroskoop gebruik om die ingewikkeldheid van die kleinste van lewenstrukture te bekyk. Ons kan in die dieptes van die see duik om vreemde en wonderlike wesens te ontdek. Gedurende die afgelope honderd jaar het ons 'n wêreld van wonders verken wat totaal onbekend was aan vorige generasies – voëls, insekte, visse, amfibieë en primate.

Dit lyk asof daar geen einde is aan die skeppings van God wat ons in prag en lewendige kleur op ons televisieskerms kan sien nie. Elke dokumentêr oor die natuur gee nogtans krediet aan 'n blinde evolusionêre proses. *Mikro*-evolusie is beslis aan die werk. Nuwe honderasse word byvoorbeeld voortdurend geteel, maar hulle bly steeds honde. Dieselfde kan gesê word van katte, beeste, visse en voëls – nuwe rasse, maar wel van dieselfde soort. Die gaping tussen dooie grond en aktiewe lewe is so groot dat dit wiskundig en logisties onmoontlik is om te oorbrug. Lewe is oneindig meer ingewikkeld as wat die wetenskap vantevore gedink het en mense wat eerlik oor die feite is moet dit aan hulleself erken óf aanhou om verblind te word deur 'n irrasionele, anti-God ideologie.

Babcock het na die wêreld gekyk soos hy dit in die natuur gesien het. Hy was nie bewus daarvan dat daar probleme was nie: "Ag, laat ek nooit vergeet dat al lyk die verkeerde dikwels so sterk, God is tog die heerser". "*Oh, let me ne'er forget that though the wrong scenes oft so strong, God is the ruler yet.* Ons stem verseker daarmee saam – God is die uiteindelike heerser van die

heelal.

**Wat is die probleem?**
Elke strofe van Babcock se loflied begin met: *"This Is My Father's World"*. Aan die een kant was hy reg – God het hierdie planeet en al die wonderlike wesens daarin geskape. Hy is geheel en al in beheer. Aan die ander kant egter verbloem hierdie idee 'n belangrike waarheid wat die meeste mense nie raaksien nie – selfs diegene wat hulleself "Christene" noem. Daardie waarheid is dat Satan die duiwel, tans die heerser van hierdie wêreld is.

Asseblief, moenie my woord daarvoor neem sonder om dit aan uself te bewys nie. Slaan dit in u Bybel na en lees hoe Jesus drie keer na Sy teenstander verwys as "die owerste van hierdie wêreld" (Johannes 12:31; 14:30; 16:11). Hierdie waarheid word verder deur die apostel Paulus bevestig: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korinthiërs 4:3-4).

Paulus het van Satan geskryf op 'n manier wat 'n ernstige waarskuwing vir ons almal behoort te wees en beskryf die Efésiërs se vorige gedrag as volg: "... waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Nog nie "My Vader se wêreld nie"**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Waarom leef u?** 3
*Filosowe het al vir duisende jare gevra: "Wat is die doel van die lewe?" U kan die antwoorde in die bladsye van die Skrif vind.*

**Nie 'n land vir Christene nie** 8
*Die nasie wat die Bybel deur die wêreld versprei het, verwerp nou die God van die Bybel en staar sosiale en morele agteruitgang in die gesig.*

**Jerusalem: Die pad vorentoe** 11
*Met Israel se vyf-en-sewentigste herdenking as 'n moderne nasie is mense baie bekommerd oor hulle toekoms, maar profesie openbaar watter faksie sal seëvier!*

**Sewe briewe aan sewe gemeentes** 15
*Baie mense het al gehoor van die boek Openbaring, maar min weet van die sewe insiggewende briewe asook die belangrikheid daarvan vir vandag.*

**Kan u die heiden heilig?** 24
*Die viering van Kersfees word nêrens in die Bybel genoem nie maar nogtans dink baie mense dat hulle dit 'n Christelike vakansiedag kan maak. U Bybel sê egter iets anders!*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Waarom leef u?

## Deur Richard F Ames

Op 15 November 2022 het die Verenigde Nasies 'n geskiedkundige mylpaal aangekondig: Die wêreldbevolking het 8 miljard mense bereik. Wat hou die toekoms in vir hierdie 8 miljard mense? Hoeveel van hulle het die gesindheid waarna die apostel Paulus spottend verwys het in 1 Korinthiërs 15:32: "... laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons!"

Is u een van die miljoene mense wat dink dat die doel van die lewe is om net fisiese plesier te geniet voordat 'n mens sterf en in die vergetelheid verdwyn? Is u net 'n klomp selle wat saamgegooi is deur 'n materiële evolusionêre proses? Evolusioniste sal sê dat die uiteinelike doel van die lewe selfbeskikking, selfbehoud en selfvernuwing is. Die begeerte om te oorleef en om 'n gesin en kinders te hê is deel van die menslike natuur. Is dit egter *al* wat daar is?

Om die waarheid te sê, daar is nie 'n belangriker vraag as "waarom leef u?" nie. Indien u nie weet waarom u lewe en wat die doel van u lewe is nie, sal dit nie moontlik wees om te weet wat die doel en eindbestemming is en wat vir u voorlê nie.

Duisende jare lank het filosowe al antwoorde aan die hand gedoen op die vraag: "Wat is die doel van die lewe?" Dit is 'n vraag wat almal van ons behoort te kan antwoord. In hierdie artikel sal ons uit die bladsye van u Bybel, die asemrowende en wonderlike doel vir die lewe van die mens bespreek.

**Betekenis en doel?**

'n Groot deel van vandag se samelewing het 'n evolusionêre wêreldbeskouing aanvaar en baie materialiste en evolusioniste sê daar is geen transendentale doel van die lewe nie. Die bekende Amerikaanse astronoom en kosmoloog Carl Sagan het byvoorbeeld gedink dat mense in die groter prentjie van die heelal byna onbeduidend is. Die ruimteverkenningstuig, Voyager 1 het 'n foto van planeet Aarde in ons sonnestelsel geneem en sedertdien het Carl Sagan, met by betragting van hierdie " dowwe blou kolletjie" soos hy dit genoem het, 'n treffende opmerking gemaak: "Ons verwaande houdings, ons denkbeeldige self-belangrikheid, grootheidswaan, die dwaling dat ons een of ander bevoorregte posisie in die heelal beklee, word uitgedaag deur hierdie puntjie van dowwe lig. Ons planeet is 'n eensame spikkel wat omhul word in die groot kosmiese donker. In ons nietigheid, in al hierdie uitgestrektheid, is daar geen aanduiding dat hulp van elders sal kom om ons van onsself te red nie" (*Pale Blue Dot: A Vision of the Human Future in Space*, 1994, bl.7).

Sagan het geskryf dat planeet Aarde 'n "eensame spikkel" in die kosmiese donkerte is. Moet ons dan tot die gevolgtrekking kom dat ons so onbeduidend is om betekenisloos te wees? Waarom bestaan die heelal dan? Het dit geen doel nie? Is die heelal – asook ons rol daarin – betekenisloos? Hierdie ateïstiese filosofie erken dus dat dit nie die vraag, "Wat is die doel en betekenis van die lewe?" kan en sal beantwoord nie.

Die Nobelpryswenner, Sir John Eccles, het aan die ander kant duidelik betekenisvolle betekenis in die skepping gesien. Sir John Eccles was gedurende sy tyd waarskynlik die wêreld se voorste deskundige op die gebied van die verstand en brein. Die waarnemings deur hierdie vooraanstaande wetenskaplike aangaande die betekenis en doel van die lewe is beduidend. Tydens 'n onderhoud gedurende die *World Tomorrow se* televisie-uitsending in die 1980's het hy die volgende gesê:

> Ek sou sê dat die betekenis is, ons behoort terug te keer na die Skepper ... 'n Mens behoort te glo dat daar meer agter dit alles is, vanaf ons bestaan tot wat ons doen en hoe ons leef in wat ek graag wil dink, in 'n onselfsugtige samelewing – waarin ons omgee en lief is vir mekaar, leef vir mekaar, bou aan 'n nuwe samelewing van liefde en inspi-

rasie sowel as toewyding en opoffering – waarin ons so 'n samelewing bou. Ek dink die betekenis van dit alles, is in die gedagtes van die Skepper. U sien ... sodra u weg beweeg van materialisme, het u wonderlike geleenthede. U het materialisme agtergelaat en is nie meer vasgevang in materialisme nie.

Sir John Eccles kon duidelik die kragtige beperkings van materialisme sien. Een definisie van materialisme is "'n teorie dat fisiese materie die enigste of fundamentele werklikheid is en dat alle wesens en prosesse en verskynsels verklaar kan word as manifestasies of die resultate van materie" (*Merriam-Webster.com*). Fisiese materie is egter *nie* die enigste werklikheid nie en materialisme kan en sal nie die vraag, "Wat is die doel en betekenis van die lewe?" beantwoord nie. Volgens definisie is dit 'n filosofie van betekenisloosheid.

Die Skepper van die heelal rig 'n ernstige waarskuwing aan ateïste, wat Hy deur die apostel Paulus gegee het:

> "WANT die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister" (Romeine 1:18-21).

Sommige mense wat die materialistiese wêreldbeskouing aanvaar, erken selfs dat die aanvaarding van die filosofie van betekenisloosheid hulle vryheid gee om alle vorms van onsedelikheid te beoefen! Vir duisende jare het sommige filosowe egter 'n meer transendentale betekenis aan die lewe gegee, selfs al was baie van hulle filosofiese idees onvoldoende en het selfs ernstige foute in die hand gewerk.

**Paulus en die filosowe**

Die antieke Griekse filosowe het met 'n wye reeks antwoorde op vrae oor die lewe se betekenis en doel vorendag gekom. Die apostel Paulus was baie bekend met hierdie antieke denkrigtings. Hy het Athene omstreeks 50 n.C. besoek: "En sommige van die Epikuréïse en die Stoïsynse wysgere het met hom gestry en sommige het gesê: Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê? Ander weer: Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode – omdat hy aan hulle die evangelie van Jesus en die opstanding verkondig het. En hulle het hom geneem en op die Areópagus gebring en gesê: Kan ons verneem wat hierdie nuwe leer is wat deur u verkondig word?" (Handelinge 17:18-19).

Paulus het toe die Skepper-God wat die wêreld en alles daarin gemaak het aan hulle verkondig. Hy het die fundamentele dog verstommende waarneming gemaak dat "in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag" (vers 28).

"... want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons". Paulus sê vir ons dat ons hele bestaan, innig gekoppel is aan die Skepper-God! Selfs die Griekse digters het geweet ons is God se "nageslag", Sy kinders. Paulus het geweet dat die mens se lewe geen werklike betekenis of doel kan hê sonder God nie. Ja, ons is geskape om 'n spesiale verhouding met ons Skepper te hê. Dit is die *grondslag* van 'n betekenisvolle lewe. Die Verlosser, Jesus Christus, het ook hierdie allerhoogste doel in die lewe bevestig. 'n Wetgeleerde het Hom gevra: "Meester, wat is die groot gebod in die wet? En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die

eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete" (Matthéüs 22:36-40).

Daardie verhouding lei tot 'n verandering – van 'n selfsugtige menslike natuur na 'n liefdevolle geestelike natuur. God wil hê dat ons in Sy onsterflike gesin *gebore* sal word. Daardie uiteindelike verandering vind plaas by die opstanding uit die dood, soos wat u Bybel verduidelik. Die Verlosser, Jesus Christus, is die "eersgeborene uit die dode" (Openbaring 1:5). Hy is die eersgeborene van baie broeders (Romeine 8:29). God se kinders sal met die opstanding van sterflik tot onsterflik verander word, soos dit in 1 Korinthiërs 15:53 gestel word. Ja, u het 'n geleentheid om aan 'n onsterflike gesin te behoort en deel te wees van God se Regering en Koninklike gesin. Onthou, Jesus het ons geleer: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matthéüs 6:33).

Ja, u Bybel openbaar die ware doel en betekenis van die lewe. Bybelprofesieë skets die toekoms van die wêreld en die toekoms van die mensdom. Daardie toekoms openbaar u doel en betekenis in die lewe. Jesus Christus het gekom met 'n boodskap wat die Evangelie genoem word en wat "goeie nuus" beteken. Daardie boodskap word beklemtoon tydens 'n hemelse aankondiging: "EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid (Openbaring 11:15).

**'n Nuwe era lê voor**

Dank God dat Hy 'n plan het om die mensdom van *totale uitwissing* te red. Ons is op pad na die *Derde Wêreldoorlog en Armagéddon* indien ons as individue en nasies nie ons lewenswyse verander nie. God beloof dat ná Armagéddon 'n nuwe era sal kom. Daardie nuwe era sal begin met die Wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde en die vestiging van Sy Koninkryk oor *alle nasies*. Openbaring 5:10 en Openbaring 20:6 openbaar dat ons roeping en doel in daardie Koninkryk is om as konings en priesters saam met die Koning van die konings, Jesus Christus, te regeer. Wat het God nóg aan getroue Christene beloof? Wat is u bestemming ná die dood? Let op hierna: "Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af" (Matthéüs 25:34).

Ja, getroue Christene – dit kan u ook insluit – sal die *Koninkryk van God* beërf. Die profeet Daniël bevestig ook daardie belofte: "… en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid" (Daniël 7:18). Let op, "tot in alle ewigheid." Ja, getroue Christene sal die *ewige lewe* beërwe. Liewe leser, dit is net 'n klein deeltjie van die *heerlike bestemming* wat God vir Sy getroue mense beplan.

Die wonderlike waarheid is dat u potensiële toekoms groots, manjifiek en baie beter sal wees as wat u uself kan *voorstel*. Ons kry 'n idee van hierdie plan wanneer ons lees van die geleentheid toe Jesus se moeder en broers vir Hom kom kuier het terwyl Hy met 'n groot groep mense gepraat het.

> "EN terwyl Hy nog met die skare spreek, staan sy moeder en broers daarbuite en wou graag met Hom praat. Toe sê iemand vir Hom: Dáár staan u moeder en u broers buite en wil graag met U praat. Maar Hy antwoord en sê vir die een wat Hom dit vertel het: Wie is my moeder? En wie is my broers? En Hy steek sy hand oor sy dissipels uit en sê: Dáár is my moeder en my broers. Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder" (Matthéüs 12:46-50).

Sal u u Vader se wil doen? Sal u u bestemming vervul as 'n potensiële lid van Sy gesin?

**Die gesin van God**

Paulus het die Griekse filosowe in Athene gekonfronteer toe hy verklaar het dat ons doel in die lewe intiem verbind is met die Skepper van hemel en aarde. Hy het gesê: "... want in Hom lewe

ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag" (Handelinge 17:28).

Ons het ook Jesus se wonderlike verklaring gesien dat Hy Sy getroue dissipels as Sy gesin beskou! "En Hy steek sy hand oor sy dissipels uit en sê: Dáár is my moeder en my broers. Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder" (Matthéüs 12:49-50).

Jesus beskryf diegene wat gehoorsaam is aan ons Vader in die hemel, as Sy geestelike gesin. Ja, God nooi u om deel van Sy gesin te wees! Die apostel Paulus skryf dat hy sy knieë voor ons Vader in die hemel buig: "OM hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang" (Efésiërs 3:14-15).

Ja, God is die Vader na wie die hele gesin in die hemel en op die aarde vernoem is! God is besig om 'n gesin voort te bring. Hy wil hê dat ons vrywillig sal kies om Sy seuns en dogters te word! God wil hê dat ons uit die vleeslike, sondige weë van die wêreld sal kom: "Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige" (2 Korinthiërs 6:17-18).

God is *liefde* (1 Johannes 4:8, 16). Hy het u so lief dat Hy u as Sy seun of dogter wil hê! Onthou wat Jesus ons leer om te bid in die uiteensetting van die model-gebed. Hoe begin u u gebed? "Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word" (Matthéüs 6:9). Hoe word u 'n seun of dogter van u Vader in die hemel? Ons moet éérs vir God die Almagtige as die Skepper van hemel en aarde erken. Let op hierna in Hebreërs 11, die geloofshoofstuk: "En sonder geloof is dit onmoontlik om *God* te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Hebreërs 11:6).

**Bekering en Doop**

Sommige van u wat jarelange lesers van die *Wêreld van Môre-tydskrif is*, het wonderlike antwoorde op u gebede gekry omdat u uself verootmoedig het deur tot u Vader in die hemel te bid. Daar is egter nog 'n stap wat Jesus duidelik gemaak het toe Hy die Evangelie van die Koninkryk van God verkondig het. Let op: "EN nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koningkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15).

Jesus het Sy hele gehoor aangemoedig om hulle te


# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

bekeer. Wat doen ons wanneer ons tot bekering kom? Ons keer ons rug op sonde, ons hou dus op om God se Wet, die Tien Gebooie, te *oortree*. Om te bekeer beteken om ons gedagtes te verander en diepe en opregte berou oor ons sondes, gedrag en gesindhede te bely. Ons kan nie net anders dink nie – ons moet ons lewenswyses verander en God se weg volg, in plaas daarvan om die vleeslike weg van selfsug, hebsug, wellus, jaloesie en ander sondes te bewandel.

Onthou dat toe die Nuwe Testamentiese Kerk op Pinksterdag begin het, het die apostel Petrus opdragte aan sy gehoor gegee: "En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep" (Handelinge 2:38-39).

Indien u diep berou het oor u sondes en u Jesus Christus as u lewende Verlosser aangeneem het, is dit nodig dat u gedoop word. Indien u verdere raad benodig, ons het verteenwoordigers in baie streke regoor die wêreld. Kontak ons gerus by *wvm.co.za* of info@wvm.co.za of by een van ons streekkantore (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif). Dit is nou die tyd om na God te soek (Jesaja 55:6-7). God sal menigvuldiglik vergewe, soos Hy beloof, indien u Christus se opdragte volg.

Na opregte bekering, geloof en doop gee God die gawe van die Heilige Gees. Dit is die begin van 'n ware geestelike lewe. Ons word die ware erfgename van God, mede-erfgename of gesamentlike erfgename met Christus. Lees dit self in Romeine 8:14-17: "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word."

Ons het reeds 'n vlugtige blik op ons erfenis gekry: Ons sal die aarde beërwe (Matthéüs 5:5), ons sal die Koninkryk beërwe (Matthéüs 25:34; Daniël 7:18) en ons sal die ewige lewe beërwe (Matthéüs 19:29).

Kom ons verstaan – ons is nou erfgename van God, maar ons erfporsie is nog nie beskikbaar nie. Dit vind plaas by die opstanding! As God se *verwekte kinders* is dit nodig dat ons toeneem in die genade en kennis van Christus (2 Petrus 3:18). Namate ons God se lewenswyse leer en beoefen, groei ons in goddelike natuur en dit neem 'n leeftyd.

Ongelukkig is die wêreld se siening van die toekoms baie beperk en dikwels nie baie bemoedigend nie. Die grootste werklikheid is egter dat God Almagtig is. Ons lees die inspirerende woorde van die apostel Johannes: "Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar" (Openbaring 19:6). Ja, God regeer oppermagtig en Sy Koninkryk is die *gesin* van God en die *Regering* van God.

U kan deel wees van daardie liefdevolle, goddelike, koninklike familie. Die apostel Paulus skryf dat "soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus" (1 Korinthiërs 12:12).

**Vervul u doel**

Die meeste van die 8 miljard mense wat vandag leef sal hulle eerste geleentheid vir redding kry tydens die komende Wit Troon Oordeel ná die Millennium. Jarelange lesers van die *Wêreld van Môre*-tydskrif het al gelees van God se plan vir die hele mensdom. Die meeste mense in hierdie huidige tydperk leef en sterf sonder dat hulle 'n werklike geleentheid gehad het om Christus se Naam en boodskap te hoor, maar 'n regverdige en liefdevolle God sal hulle nie sonder hoop laat nie.

God roep egter vandag net 'n handjievol mense om Sy eerstelinge te wees. Indien God u roep, moet asseblief nie Sy roepstem weerstaan om 'n lid van daardie liggaam, die ware Kerk van God, te word nie. Ten spyte van soveel godsdienstige verwarring in die wêreld rondom ons, het ons God se versekering dat Sy Kerk nie tot niet sal gaan nie. Jesus beloof: "... sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matthéüs 16:18). Waarlik, Sy Kerk sal *nie uitsterf nie*.

Een doel van Sy Kerk is om

*Vervolg op bladsy 20*

# London roep: Nie 'n land vir Christene nie

Deur Scott D. Winnail

Die wêreld is besig om 'n toenemend vyandige plek te word vir diegene wat kies om volgens 'n Bybel-gebaseerde waardestelsel te leef. Baie van hierdie individue mag hulleself dalk "Christelik" noem terwyl hulle identifiseer met baie van die morele waardes wat voorheen as die norm in Westerse nasies beskou was. Brittanje is tog die nasie wat Bybelse moraliteit en die Bybel self na ontelbare kulture regoor die wêreld gebring het – die nasie wie se Britse gemenereg die basis is van die regstelsel van baie moderne samelewings – is ironies genoeg, nou besig om halsoorkop in die teenoorgestelde sosiale en morele rigting te hardloop.

Volgens 'n onlangse verslag deur die Beleidsinstituut van *Kings College* in Londen, "is Brittanje nou een van die mees sosiaal-liberale lande in die wêreld" (*The Times*, 7 Maart 2023). In onlangse jare het die nasie 'n massiewe verandering ondergaan wat betref morele waardes wat verband hou met aborsie, buite-egtelike seks, egskeiding en genadedood. Generasie Z (mense tussen die ouderdomme 11-26) handhaaf die mees twyfelagtige waardes van enige ouderdomsgroep. Navorsing toon dat 'n aansienlike deel van Gen Z in Brittanje voel dat "kosteontduiking op openbare vervoer ... bedrog met belasting ... en mense wat voordele eis waarop hulle nie geregtig was nie, regverdigbaar was". Lede van die oudste geslagte, dié wat voor 1945 gebore is, het min verander wat betref hulle sosiale en morele waardes alhoewel hulle duidelik nie daarin geslaag het om daardie waardes by hulle kinders in te prent nie. Die ontnugterende vraag is, wat sal gebeur as daardie generasie heeltemal van die toneel verdwyn en jonger generasies die oorhand kry?

**Ou waardes vervaag**

Hierdie massiewe morele verandering is besig om die Britse samelewing op baie maniere te verander. In 'n onlangse artikel in die *Telegraph* (18 Julie 2023) het die joernalis Emma Webb opgemerk dat, gebaseer op 'n magdom onlangse geloofsgebaseerde voorvalle, baie mense wat 'n waardestelsel het wat op die Bybel gebaseer is, voel dat Brittanje nie meer 'n plek vir hulle is nie. Sy het die volgende voorbeelde van sulke voorvalle aangehaal:

- ’n Tory-lid van 'n distriksraad wie onlangs die boodskap getwiet het "Trots is nie 'n deug nie, maar 'n sonde", is uit die raad geskors. Die man het later verduidelik dat "trots" 'n sondige karaktereienskap is, ten spyte van die hedendaagse neiging om Bybelse sondige gedrag van "trots" goed te keur. Sy mederaadslede was heeltemal onverdraagsaam teenoor sy verskil van hulle standpunt.

- ’n Liefdadigheidswerker is twee keer gearresteer en daarvan aangekla dat sy "protesteer en betrokke is by 'n daad wat vir diensgebruikers intimiderend is" omdat sy buite 'n fasiliteit vir aborsies *gebid* het (*BBC News*, 16 Februarie, 2023). Hierdie persoon het niks hardop gesê nie; sy is net waargeneem waar sy met 'n geboë hoof gestaan het, wat gebed voorstel.

- ’n Dokter wat homself 'n Christen noem, is afgedank vir wat genoem is "verkeerde geslag" van pasiënte omdat hy gesê het dat sy gewete geskend is deur hulle op hulle voorkeurgeslag te noem, in teenstelling met hulle God-gegewe geboortegeslag.
- Meer onlangs het *The Guardian* 'n leier in die *Church of England*, die Aartsbiskop van York, aangehaal toe hy gerapporteer het dat die "openingswoorde van die Onse Vader wat vir 2,000 jaar deur Christene regoor die wêreld opgesê is, 'problematies' mag wees as gevolg van hulle patriargale assosiasie

daarvan" (7 Julie 2023).

Een aartsbiskop se ongemak oor Christus se opdrag om tot God die *Vader* te bid, verteenwoordig nie die perspektief van alle leiers in die *Church of England* nie, maar dit weerspieël wel die groot sosiale verandering wat binne hierdie *nasionale* kerk plaasvind – 'n kerk wat geskiedkundig grootliks probeer het om sy morele tradisie aan die Bybelse oorsprong te verbind.

Diegene wie se morele waardes op 'n Bybelse grondslag gebaseer is en wat met die "Christelike" etiket identifiseer, word toenemend uitgesluit en verkleineer of "afgeskryf", deur dieselfde samelewing wat hierdie morele mislukkings net 'n dekade of wat gelede gekritiseer het. Die *Telegraph*-opskrif het uitdruklik gelees: "Brittanje is nie 'n land vir Christene nie".

**Leierskap in morele verval**

Wanneer ons die wêreld om ons beskou, is dit insiggewend om waar te neem dat die nasies wat leierskap neem in die morele agteruitgang, niemand anders is nie as die hedendaagse Israelitiese nasies van Brittanje, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, die Verenigde State asook ander Wes-Europese lande soos Frankryk en Swede. (Om meer te leer oor die geskiedkundige verbintenis tussen hierdie nasies en die nasie van antieke Israel, kan u gerus ons gratis boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* aanvra of dit aanlyn lees by *wvm.co.za*.) Die hedendaagse nasies wie se morele waardes die meeste ooreenstem met die Bybel, is ironies genoeg dié wat die Westerse, sogenaamde Christelike wêreld, geskiedkundig as *heidens* beskou het – nasies wat Suid-Korea en Iran insluit (*The Times*, 7 Maart 2023).

Vir mense wat Bybelprofesieë bestudeer behoort die morele agteruitgang en


# Wie of Wat is die Antichris?

*Kan u uit die bybel bewys wie of wat die geprofeteerde Anti-Chris werklik is? Hierdie is nie die een of ander geheime, kriptiese onderwerp nie. U korrekte begrip hiervan mag bepaal of u in staat sal wees om die rol wat God vir u in Sy Koninkryk beplan te vervul, al dan nie!*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

sosiale verval waarvan ons kan getuig in Brittanje en baie ander Westerse nasies nie 'n verrassing te wees nie. Die wyse koning Salomo het gebid terwyl hy die nuutgeboude tempel aan God opgedra het en in hierdie gebed het hy God herhaaldelik gevra om Israel se toekomstige sondes teen God en Sy Gebooie te vergewe (1 Konings 8). Die profeet Hoséa het gewaarsku dat Efraim (dit is die hedendaagse nasies van Britse afkoms) in die toekoms geestelike hoerery teen God sou pleeg (Hoséa 5:3). Hoséa het verder opgemerk dat hierdie mense sou versuim om hulle dade te verander wat hulle verhoed om terug te keer tot hulle God (vers 4). Hierdie volke van Britse afkoms, sou "struikel deur hulle ongeregtigheid" (vers 5) en sou "onegte kinders verwek" (vers 7) wat niks met die God van die Bybel of Sy Wette te doen sou wou hê nie.

Die profeet Jesaja het ook gewaarsku dat "die leiers van hierdie volk het verleiers geword, en dié van hulle wat gelei word, is op 'n dwaalweg gebring ... want hulle is almal roekelose mense en kwaaddoeners, en elke mond spreek goddeloosheid" (Jesaja 9:15-16). Die profeet Maleági het daarop gewys dat die verantwoordelikheid van God se ware godsdiensleiers "moet kennis bewaar", nie dit verloor of verwerp nie (Maleági 2:7) – iets wat vandag se sogenaamde Christelike leiers dikwels ver-suim om te doen. God se ware dienaars behoort mense op Sy heilige Wet te wys en hulle nie daarvan weg te stoot ten gunste van wat sosiaal gerieflik is nie (verse 7-9).

Terwyl ons nadink oor die morele omwenteling in Brittanje en al die ander Westerse, sogenaamde Christelike nasies, behoort ons diep bedroef te wees – maar nie verbaas nie. Die profeet Jeremia was geïnspireer om hierdie hartseer in die boek Klaagliedere te kenne te gee. Christus Self het geweeklaag oor die verwerping deur Sy volk (Matthéüs 23:37). Die Israelitiese nasies se verwerping van God en Sy Wette is lank gelede reeds geprofeteer. Ons sien dit egter op 'n skaal en teen 'n tempo wat ongekend is. Hierdie massiewe morele agteruitgang sal lei tot die verwydering van God se beskerming en Sy seën op hierdie nasies en uiteindelik sal hierdie selfde nasies in geprofeteerde ballingskap gaan as gevolg van hulle sondes.

Hulle straf en gevangenskap sal egter van korte duur wees. Soos hulle hul sondes herken en hulle bekeer, sal God hoor, soos koning Salomo gebid het dat hy dit sou doen. God sal Sy Seun stuur as die Koning van die konings om Sy regering op die aarde te vestig en die Britte te lei – so ook alle volke – terwyl hulle hul na Hom en Sy weë wend. Jesus Christus, die volmaakte leier en hoëpriester, sal kom "wat die reg soek en gou is in geregtigheid" (Jesaja 16:5). Hy en Sy heiliges sal vinnig werk om mense te help om hulle te wend tot gehoorsaamheid aan Sy Wette, wat die sleutel tot ware vryheid is (Jakobus 1:25).

Brittanje verwerp vandag Bybelse waardes en raak *onverdraagsaam* teenoor diegene wat dit onderhou. Brittanje is nie die enigste nie. Hierdie vyandigheid teenoor Bybelse moraliteit sal egter verander wanneer die Verlosser van die mensdom binnekort terugkeer om Sy Koninkryk op die aarde te vestig. Daardie Koninkryk sal Bybelse moraliteit weer aan die wêreld bekendstel en 'n omgewing skep wat ware Christene hulle tuiste sal kan noem. WvM


# Wat is 'n ware Christen?

***Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self "Christelik" noem! Tog het hulle almal basiese verskille.***

***Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?***

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Jerusalem: Die pad vorentoe

## Deur Peter Nathan

In April 2023 het Israel sy vyf-en-sewentigste bestaansjaar as 'n onafhanklike moderne nasie gevier. Met sy vyftigste herdenking in 1998 is dit deur wyle Paul Johnson, 'n Britse skrywer en kommentator, geprys as die belangrikste van die 100 nasies wat in die twintigste eeu tot stand gekom het – die vorming van Israel as 'n nasie was 'n wonderwerk, terwyl dit nie die geval was met ander nasies nie. Om dit in perspektief te plaas, het Israel 75 jaar oorleef, terwyl die Sowjet-Unie op 74 jaar in duie gestort het.

Die vyf-en-sewentigste bestaansjaar was egter nie met dieselfde uitbundigheid as dié van die vyftigste bestaansjaar begroet nie. Sedert Januarie 2023 was daar gereelde betogings in verskeie stede van Israel – beide vír en téén die leiding van die regering van premier Benjamin Netanyahu, terwyl die media diegene wat téén die regering was, meer dekking gegee het. Teen die einde van September 2023 het betogings deur albei kante reeds vir nege maande voortgeduur. Merkwaardig genoeg was die betogings sonder geweld of beskadiging van eiendom gekenmerk en die hoogtepunt was die oorvloedige aantal Israeliese vlae wat deur betogers aan beide kante gebruik was. Die grondslag van die betogings word gekoppel aan waar Israel in die volgende 75 jaar sal wees.

Die oorsaak van die betogings was as gevolg van 'n geregtelike hervorming wat Netanyahu se koalisieregering wou deurvoer. Sedert 1994 en die aanstelling van Aharon Barak as hoofregter, het die Hooggeregshof van Israel tot so 'n mate aktivisties geraak dat dit op 'n punt gekom het dat 'n poging aangewend is om wetgewing van die Knesset onwettig te verklaar. Netanyahu het geregtelike hervormings voorgestaan wat die Knesset vetoreg oor besluite van die Hooggeregshof sou gee en die invloed van onverkose regters en prokureurs op die aanstelling van nuwe regters sou beperk.

Hierdie stelsel het egter al vir dekades lank goed gewerk, waarom nóu die dringendheid om die reëling te verander? Terwyl baie ander nasies regoor die wêreld probeer het om daardie stelsel van die Hooggeregshof na te volg, voel die godsdienstiges van Israel gegrief oor die manier waarop hulle deur die Hooggeregshof en die wêreld se elite behandel is. Netanyahu se hervormings streef daarna om Knesset-gesag in wetgewing vas te lê om Hooggeregshofbesluite ter syde te stel en meer invloed uit te oefen in die aanstelling van regters om in daardie Hof te dien.

**'n Krisis van politieke en godsdienstige identiteite**

Om Netanyahu se strewe na verandering te begryp is dit nodig om terug te gaan na die begin van die staat Israel in 1948. Israel is as 'n nasie gevestig, wat gebaseer is op moderne Europese konsepte van 'n onafhanklike nasie. Dit moes 'n wêreldse staat wees, wat deur die Knesset regeer word, eerder as 'n godsdienstige staat. Godsdiens moes aan die regering onderworpe wees, net soos die regering in die Verenigde Koninkryk toesig hou oor die kerk van Engeland. Die Britse premier keur alle belangrike aanstellings in daardie kerk goed voordat dit deur die monarg as die hoof van die kerk van Engeland bekragtig word.

Die eerste premier van Israel, David Ben-Gurion, wou hê dat Israeliese burgers die voorbeeld van die *sabras* [Jode wat in Israel gebore is] moes volg – daardie stewig en sterk geboude inheemse Israeli's wat die land bewerk het en bygedra het tot die land se nywerheid – eerder as om die godsdienstige Jode na te boots wat aan studie toegewy was, soos so baie wat in die Holocaust in Europa gesterf het. Godsdiens is nietemin toegelaat en voorsiening is gemaak vir die Rabbinaat om toesig te hou oor immigrasie en huwelike.

Alhoewel dit dalk vir die meeste mense aanvaarbaar was gedurende die vroeë jare van die staat, het veranderings plaasgevind wat die nasie in 'n groot mate beïnvloed het. Israeli's het grootliks die linkse Arbeidersparty wat Ben-

Gurion gestig het verlaat en na regs op die politieke spektrum beweeg. Indien daar vandag 'n verkiesing in Israel gehou sou word, is dit die mening van sommige mense dat die Arbeidersparty geen setels sou wen nie. Die huidige premier, Benjamin Netanyahu, van die konserwatiewe Likud-party, is die langs-dienende Israeliese premier, wat die posisie al drie maal beklee het sedert die Likud-party in 1977 die eerste keer 'n regering onder Menachem Begin gevorm het. Al die eerste ministers, konserwatief of linksgesind, van David Ben-Gurion tot en met Benjamin Netanyahu, het die wêreldse vorm aangeneem.

Terwyl die verskuiwing na regse politiek in Israeliese politiek deels toegeskryf kan word aan die ekonomiese sukses van die Likud-beleide, is 'n selfs gróter verandering besig om die nasie se demografie te verander, as gevolg van die groot toename in getalle van godsdienstige Mizrahi-Jode wat hulle oorsprong het in naburige Moslem-nasies eerder as in Europa. Hulle toename word 'n mag om mee rekening te hou met die oog op verkiesings, saam met die Falasha van Ethiopië en die Haredi (Ortodoks).

Ons behoort ook daarop te let dat die term *wêrelds* 'n genuanseerde betekenis in Israel het wat nie heeltemal *ongodsdienstig* is, soos dit in die Weste is nie. Alhoewel politiek en filosofie die lewens van die wêreldlikes regeer, onderhou baie wêreldse Israeli's, Godsdienstige vakansiedae soos Pasga of Jom Kippoer – ter herinnering eerder as 'n lewenswyse. Ons kan dit sien in hoe die stad Tel Aviv, seksuele- en geslagsidentiteitspolitiek aanvaar het. Die bekende skrywer en geleerde, Yossi Klein Halevi het hierdie *wêreldse* situasie opgesom toe hy geskryf het:

> "My Joodse lewe is godsdienstig; my Israeliese lewe is wêrelds. Ek vier die wêreldse staat wat ons huistoe gebring het en ons geleer het hoe om onsself te beskerm, wat ons as 'n volk gehelp het om ná die Holocaust te genees en om Joodse gemeenskappe uit 'n toenemend gevaarlike en disfunksionele Midde-Ooste te haal" (*Times of Israel*, 28 Julie 2023).

Daarenteen, sover dit die meeste van die Mizrahi-Jode en die hele Hasidiese gemeenskap binne Israel betref, beheer godsdiens hulle lewens op 'n diepgaande wyse. Die huidige sekulêre filosofieë is 'n verbygaande gier en het geen gevolge vir hulle nie.

Die afgelope jare het die klein godsdienstige politieke partye, wat geneig is om regs op die politieke spektrum te wees, die meeste invloed gehad sover dit die vorming van Israeliese regerings betref. Soos ander onlangse eerste ministers, maak Netanyahu op hulle staat vir 'n meerderheidstem in die Knesset. Dus lei Netanyahu – 'n sekularis – deesdae wat sommige mense beskou as Israel se eerste Ortodokse parlement.

Dit maak die regs-hervormings, waarvan die eerste op 24 Julie goedgekeur is 'n lakmoestoets van waarheen Israel polities op pad is: Behoort Israel wêrelds of godsdienstig te wees? Dié stryd word op die strate van Tel-Aviv en Jerusalem gevoer, maar sal binnekort in die Hooggeregshof uitgespeel word wat op 28 Julie 2023 ingestem het om 'n regsuitdaging te oorweeg wat sal bepaal of die nuwe wetgewing wat onlangs deur die Knesset aanvaar is, as redelik beskou kan word.

Dit plaas Israel op die pad van 'n grondwetlike krisis. Sal die optrede op straat en in die Hooggeregshof die nasie uitmekaarskeur en tot 'n val laat kom? Die krisis is ernstig en die retoriek wat die verandering teëstaan, is heftig – tot so 'n mate dat sommige reserviste in die Israelse Weermag in die openbaar verklaar het dat hulle nie vir militêre diensopleiding sal aanmeld nie.

Sal dit dan die einde van Israel beteken? Ons, as bestudeerders van profesie, verstaan die 1948-totstandkoming van die moderne staat Israel vanuit die bladsye van 'n antieke Boek – die Bybel. Daarin word dit duidelik gemaak dat 'n Joodse staat 'n aansienlike vegtende mag sal wees ten tye van die Wederkoms van Jesus Christus (Sagaría 12:1-14) en Jerusalem 'n ontbrandingspunt in die tye wat binnekort voorlê.

**Die Tempelberg**

Met die stigting van die moderne sekulêre staat, Israel, was die Tempelberg van geen onmiddellike belang nie. Dit was in die hande van die Jordaniërs. Joodse besorgdheid oor die Tempelberg het slegs gegaan oor die ligging van die Allerheiligste en die begeerte om te keer dat mense op die heilige grond rondloop en dit dus verontreinig. Ben-Gurion, die destydse Eerste Minister, was tevrede om te weet dat dit onder die beheer van die Jordaniese regering was. Israel het destyds genoeg probleme op hande gehad wat bloot met oorlewing verband gehou het.

In Junie 1967, ten tye van die Sesdaagse Oorlog, het Joodse magte, Jerusalem en die Tempelberg herower. Generaal Moshe Dayan, die leier van die Israeliese magte en 'n formidabele figuur in die Israeliese samelewing, het gesien hoe 'n Israeliese vlag oor die Rotskoepel gehys word nadat sy magte die Tempelberg ingeneem het. Hy het beveel dat die vlag gestryk word en sy kommentaar was: "Waarvoor het ek hierdie Vatikaan nodig?" Sy kommentaar het sy wêreldse uitkyk weerspieël, veral sy verwerping van enige vorm van rituele godsdiens en hy het hom nie gesteur aan hoe belangrik die Tempelberg was vir die behoudende Joodse mense se gebede, regoor die wêreld nie. Soos een waarnemer geskryf het:

> Dayan het destyds daaroor gedink en het jare later sy gedagtes toegewy om neer te skryf dat aangesien die berg 'n "Moslem-gebeds-moskee" was, terwyl dit vir Jode niks meer was as "'n geskiedkundige plek van herdenking van die verlede nie ... behoort 'n mens nie die Arabiere te verhinder om daar op te tree soos hulle nou doen nie en hulle reg as Moslems om die terrein te beheer, behoort erken te word". ("*Moshe Dayan's Tragic Blunder*," *Commentary*, Februarie 2023).

Dayan se verklaring het die Palestynse idee dat die "bestaan van die tempel ontken" word baie goed gepas – dat Jode nooit in Israel gewoon het nie en dat 'n tempel nog nooit daar bestaan het nie. Met hierdie beslissing, het Dayan ook regsgeldigheid verleen vir 'n *status quo* op heilige plekke wat terugdateer na die Mameluke-bewind in die dertiende eeu. Deesdae bly die Tempelberg onder die beheer van die Jordaniese Waqf. ['n Islamietiese bemaking of skenking van eiendom om in trust gehou te word en gebruik te word vir liefdadigheidswerk of godsdienstige redes]. Die idee dat Israelies se toegang tot die Tempelberg beperk word en bowe alles, om op die Tempelberg te bid – gebed word tans slegs by die Westelike Muur toegelaat – word tog deur Ortodokse Jode bevraagteken (*"The History of the Temple Mount Status Quo, Which Prohibits Jews from Praying at Their Holiest Site," Mosaic*, 11 Augustus 2022).


# Die Midde-Ooste in Profesie

***Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif toon aan dat die area rondom dit – die Midde-Ooste – uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer omtrent die eindtydse klimaks van wêreldgebeure in daardie area? U mag verras wees!***

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

Israeliese polisie patrolleer die Tempelberg – gewapen met kamera-opnemers – om Jode uit te vang wat bid. Hulle kan daar en dan 'n klag lê teen enige Jood wat besig is om te bid. Ten spyte daarvan ignoreer toenemende getalle Jode die beperkings en besoek die Tempelberg om te bid. Jerusalemdag, wat jaarliks die inname van Jerusalem en die Tempelberg in 1967 herdenk, bring duisende Jode na die terrein vir gebed. Die begeerte om so na as moontlik aan die tempel se ligging te bid, is 'n kragtige dryfveer vir godsdienstige Jode. Argeoloë stem hoofsaaklik saam oor waar die Tempel op die 37 akker [1 akker is 4,047 m²] van die Tempelberg geleë was en baie het geen vrees om die reinigingsreëls te oortree wat deur die rabbi's met die vorming van die staat ingestel is nie. Deesdae vind ons dat Jode plasings op sosiale media maak om gebedsversoeke vir andere by hulle eie gebede op die Tempelberg te voeg. Dit weerspieël die toename in Joodse geestelikheid wat oor die afgelope paar jaar merkbaar is.

**'n Oproep tot gebed – of 'n oproep tot oorlog?**

Indien gereelde gebede openlik op die Tempelberg deur Jode gedoen word ten spyte van die moontlikheid van boetes wat daar en dan uitgereik word, wat sal die toekoms inhou? By die besoek aan die Tempelberg om die vas van Tisha B'Av en die vernietiging van die eerste en tweede Tempel te herdenk, het Itamar Ben-Gvir, Israel se minister van nasionale veiligheid, verklaar dat sy nasie dit nodig het om hulle "beheer van regering" op die terrein sigbaar te maak ("Moslem-lande veroordeel Ben-Gvir se 'stormloop' van die Tempelberg," *Jewish News*, 27 Julie 2023). Onder 'n hoofopskrif wat Moslem-teenkanting teen sy besoek beklemtoon, is Ben-Gvir aangehaal dat hy gesê het dat die terrein van die Tempel "die belangrikste plek vir die volk Israel is. Dit is nodig om terug te keer en ons beheer te vertoon".

Waarom is hierdie dinge vir ons belangrik in terme van profesie? Die rede hiervoor is omdat die Bybel aandui dat, hoewel dit nie noodwendig vandag, volgende week of volgende jaar sal plaasvind nie, die Godsdienstige partye uiteindelik die stryd sal wen.

Waarom kan ons só seker wees van daardie oorwinning? Sekulêre leiers sal nóóit toelaat dat offers op die Tempelberg plaasvind nie terwyl die Bybel dit duidelik maak dat offers vir 'n kort tydperk voor die einde van hierdie tydperk weer ingestel sal word.

Indien u wonder oor hierdie siening van die sekulêre wêreld, hou die Europese sensitiwiteit in gedagte wat betref die kosjer- en halaalslagting van diere. Wêreldse regerings probeer dikwels om sulke praktyke te verbied. Plaaslike owerhede in sommige Europese lande het reeds die mag om dit volgens wetgewing te verbied. Sodra daardie stryd gewen is, sal manlike besnydenis waarskynlik die volgende stap wees; Ysland het reeds in 2018 probeer om die praktyk te verbied. Godsdienstige simbole, hetsy kosjer slagting van diere, besnydenis of bowenal, offers, is nie aanvaarbaar in die wêreldse samelewing nie. Opeenvolgende regerings van Israel het besnydenis en kosjer-slagting as noodsaaklike deel van Joodse identiteit toegelaat, maar het deurgaans 'n stokkie gesteek voor die herinstelling van offerandes.

Die Bybel is tog baie duidelik aangaande die herinstelling van offers. Dit gebruik selfs die gedwonge beëindiging van offerandes as 'n tydmerker vir die terugkeer van Jesus Christus na die Olyfberg, wat oos van Jerusalem is en na die Tempelberg kyk (Daniël 8:8-14; 12:11). Die boek Daniël beskryf die herinstelling van offerandes en bevestig dat dit gestaak sal word deur die koning van die Noorde, 'n magtige persoon gedurende die eindtyd wat oorlog voer teen die koning van die Suide in die gebied van Israel en omliggende nasies (Daniël 11:29-40).

Daniël sê vir ons dit sal 'n tyd van groot benoudheid wees. Die hedendaagse onrus in Israel is net 'n voorsmaak van wat kom. Na daardie gebeure sal Jesus Christus terugkeer om Sy Regering oor die hele wêreld se nasies te vestig.

**'n Struikelblok vir alle nasies, wat binnekort geopenbaar sal word**

*Vervolg op bladsy 21*

# Sewe briewe aan sewe gemeentes

## Deur Gerald E. Weston

Die boek Openbaring – die heel laaste boek in u Bybel – is vir die meeste mense gehul in verborgenheid. Baie mense is tot 'n mate vertroud met die bekende "vier ruiters". Min van hulle is egter enigsins bewus van die sewe briewe aan die sewe gemeentes in Asië wat opgeteken is in die boek se tweede en derde hoofstukke. Nog minder mense verstaan wat daardie briewe vandag vir ons beteken.

Die woord *openbaring* verwys na die bekendmaking van iets wat voorheen onbekend was. Baie mense is nogtans geïntimideer deur die boek Openbaring en glo dit is onmoontlik om dit te verstaan – dus verkies hulle om dit aan die spreekwoordelike kapstok te hang. Is u een van diegene vir wie hierdie boek 'n raaisel is? Indien wel, is hierdie artikel vir u bedoel.

Vir meer as 1,900 jaar het geleerdes sowel as leke bespiegel oor die boek Openbaring. Wat is die oorsprong daarvan? Vir watter gehoor is dit bedoel? Wanneer neem die boek se profesieë 'n aanvang? Wie kan ons begrip vir die boodskap verstaanbaar maak aan ons? Wie behoort hierdie boodskap na die bestemde gehoor te neem?

Laat ons begin by die begin. Die heel eerste vers van Openbaring beantwoord hierdie vrae: "DIE openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het" (Openbaring 1:1).

Hier sien ons dat Jesus Christus die Een is wat die boodskap openbaar, dat die boodskap van God die Vader kom, dat die boodskap vir God se diensknegte bedoel is en dat die verantwoordelikheid aan Johannes gegee is om die boodskap na daardie diensknegte te neem.

**Die dag van die Here**

Die boek se eerste vers is ryk aan betekenis en die toneel word voorberei vir wat volg, nogtans openbaar dit nie die tema van die boek nie. Daarvoor moet ons nege verse verder kyk waar Johannes skryf: "Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin" (vers 10).

Byna alle vertalers en kommentare steun die foutiewe idee dat om "in die Gees op die dag van die Here" te wees, beteken dat Johannes op 'n Sondag aanbid het. Daar bestaan egter 'n groot probleem wat betref hierdie vertolking, wat leemtes op verskeie gebiede toon. Indien die gedeelte oor 'n dag van die week gegaan het – wat nie die geval is nie – kon dit nie 'n Sondag gewees het nie. Indien ons die Bybel vertrou as ons Bron van waarheid, met inbegrip van die waarheid oor aanbidding, vind ons dat die Bybel nooit Sondag, die eerste dag van die week, identifiseer as die dag wat aan die Here behoort nie. Ons vind inteendeel drie duidelike verwysings wat duidelik aantoon dat Jesus "Here van die Sabbat" is. Let op: "... want die Seun van die mens is Here óók van die sabbat ... Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat ... Die Seun van die mens is Here óók van die sabbat" (Matthéüs 12:8; Markus 2:28; Lukas 6:5).

Ons sien dus dat indien die "die dag van die Here" 'n dag van die week is, openbaar die Bybel dat hierdie dag nié Sondag, die eerste dag van die week is nie, maar eerder die sewende dag, wat Vrydag met sononder begin. Die waarheid is egter dat Johannes se verwysing na die "Here se dag" niks te doen het met 'n dag van die week nie. In plaas daarvan sien ons dat Johannes in 'n visioen 'n tydperk in die toekoms voorsien het, wat in die Skrif bekend staan as die dag van die Here – 'n tyd waarna verwys word in meer as 30 gedeeltes van die Ou en Nuwe Testamente.

Die eerste ses hoofstukke van Openbaring berei die toneel voor vir die tema. Johannes sien 'n visioen van God, die Opsteller van die boek Openbaring, wie op Sy hemelse troon sit. Hoofstuk 5 beskryf die boek se boodskap soos dit geskryf was op 'n boekrol wat

met sewe seëls verseël is – seëls wat slegs deur Jesus Christus oopgemaak kan word. Hoofstuk 6 beskryf hoe Christus ses van daardie sewe seëls oopmaak. Die eerste vier seëls bestaan uit die bekende vier perderuiters. Die vyfde seël beeld 'n marteling van sommige van God se diensknegte uit. Dan kom die sesde seël: 'n Reeks skrikwekkende hemelse tekens:

> "... die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openbaring 6 verse 13-17).

Hierdie ses seëls wat almal geopen word binne die bestek van een kort hoofstuk, is die vóórspel tot die tema van die boek Openbaring: Die komende "dag" of "tyd" van God se toorn op die rebelse mensdom. Hierdie toorn word verduidelik deur die sewende seël, wat bestaan uit sewe plae wat deur trompette aangekondig word.

**Briewe aan diensknegte**

Hoofstuk 4 beskryf God op Sy troon, wat aandui dat Hy die Bron van die openbaring is. Hoofstuk 5 toon dat Christus die Openbaarder is wat die boekrol met sewe seëls oopmaak. Hoofstuk 6 baan die weg tot die dag van die Here – die tyd van God se toorn – wanneer Christus ses van daardie seëls oopmaak. Dit toon aan ons die tema van Johannes se boek, maar wát van die diensknegte van God aan wie die boek gerig is? Wié is daardie diensknegte?

U sal dalk verbaas wees om te verneem dat daardie diensknegte gedefinieer word deur die sewe gemeentes wat in hoofstukke 2-3 beskryf word. Baie geleerdes sien egter glad nie die belangrikheid van hierdie twee hoofstukke raak nie. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die geleerde William Ramsay, wat 'n hoogaangeskrewe boek met die titel *The Letters to the Seven Churches*, geskryf het. Die boek bevat baie uitstekende inligting, maar Ramsay het die belangrikste element gemis wat betref daardie briewe. Hy het die volgende geskryf:

> In hierdie werk wat Joods van oorsprong en algemene uitleg is ... is hierdie episode van die sewe briewe ingevoeg, wat klaarblyklik byna geheel en al nie-Joods van karakter is ... Die rede was dat die vorm van briewe reeds gevestig was as die mees kenmerkende uitdrukking van die Christelike verstand en was so te sê verpligtend vir 'n Christelike skrywer (bll. 35-36).

Ramsay spekuleer dat die briewe slegs 'n nagedagte in Johannes se samestelling van die boek was, eerder as 'n element wat noodsaaklik is om die boek te verstaan:

> "In die daaropvolgende ontwikkeling van Johannes se denke is dit duidelik dat hy die tekortkominge en ontoereikendheid van die modieuse Joodse literêre formaat erken het. Dit lyk of die persepsie van daardie feit hoogs waarskynlik by hom opgekom het tydens die samestelling van die Openbaring en dat die Sewe Briewe, alhoewel dit aan die begin van die boek geplaas is en versigtig in daardie posisie gepas het, die laaste deel van die werk beplan was" (bladsy 36).

Nou toe nou! Ramsay maak dan hierdie ongelooflike stelling: "Die Apokalips [Openbaring] sou heeltemal volledig gewees het sonder die sewe briewe" (bladsy 37). Ramsay wou ons wysmaak dat Johannes gebruik maak van die formaat van briewe op 'n "Christelike" manier om inligting oor te dra, soos die Nuwe-Testamentiese briewe oorgedra was. Wanneer 'n mens Ramsey se spekulasies lees, is dit maklik vir ons om te waardeer wat Jesus vir ons in die Evangelie van Matthéüs sê: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het" (Matthéüs 11:25).

Wanneer ons ons tot die Bybel wend in plaas van wetenskaplike spekulasies, laat ons nou vier belangrike sleutels nagaan wat die verborgenheid van Openbaring se sewe briewe verklaar – 'n verborgenheid wat geleerdes nie sal of kan verklaar nie, tensy Christus hulle verstand open.

**Die sewe gemeentes definieer die diensknegte van God**

Ons het gesien dat die eerste vers van Openbaring 1, Johannes se opdrag openbaar om 'n boodskap aan "sy diensknegte" te stuur. Aan wie rig Johannes dus daardie boodskap? Aan "die sewe gemeentes in Asië" (vers 4). Die boodskappe is aan die gemeentes gerig, maar dit is 'n boodskap wat die hele boek Openbaring betrek – nie net die briewe nie:

> "Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa" (Openbaring 1:11).

Kan daar enige twyfel bestaan dat die sewe gemeentes en die diensknegte van God dieselfde mense is? Dit word bevestig in die heel laaste hoofstuk van Openbaring – in 'n sekere mate word die verband tussen die sewe gemeentes en die diensknegte van God deur die eerste en laaste hoofstukke geboekstaaf. Ons lees:

> "En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur ... Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig" (Openbaring 22:6, 16).

Let daarop dat alhoewel diensknegte en gemeentes afwisselend gebruik word – is hulle sinonieme. Johannes noem nie al die Christelike gemeentes in Asië nie. Uiteraard is daar iets besonders of betekenisvol aan die sewe wat hy noem. Waarom noem hy dus hierdie gemeentes? Waarom net sewe noem indien hulle die diensknegte van God verteenwoordig? Beteken dit dat nie een van die ander eerste-eeuse Christengemeentes God se diensknegte was nie? Word ons dan vandag uitgesluit daarvan om God se diensknegte te wees? *Glad nie.* Dit bring ons by ons tweede sleutel.

**Die spesiale verhouding tussen Christus en hierdie sewe gemeentes**

Na 'n trompetgeskal en 'n lys van die sewe gemeentes, beskryf Johannes 'n merkwaardige visioen:

> "Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel ... in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag" (Openbaring 1:12-13, 16).

Kan ons die betekenis van hierdie visioen verstaan? Ons

kan dankbaar wees dat die Bybel homself verklaar – dus hoef ons nie te spekuleer nie. Johannes verduidelik:

> "... die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele [boodskappers] van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes" (vers 20).

Johannes se visioen het openbaar dat Christus tussen die simbole van die sewe gemeentes gewandel het, wat sinoniem is met die diensknegte van God. Is dit geheimsinnig? Ja dit is. Is dit moontlik om te begryp? Nee. Hierdie verborgenheid lei ons na 'n derde sleutel wat teen die tyd ooglopend behoort te wees, hoewel geleerdes soos Ramsay dit nie kan insien nie.

**Die hele boek van Openbaring is aan die sewe gemeentes gerig**

In 'n visioen word Johannes aangesê om die boek se boodskap van die boek na die diensknegte van God te neem – die sewe gemeentes, soos ons gesien het (Openbaring 22). Hierdie gemeentes was werklike kerkgemeentes en die boodskapper aan elke gemeente het 'n boodskap gegee wat toepaslik was vir die heersende toestande in daardie gemeente op daardie tydstip. Éfese was 'n werklike gemeente, saamgestel uit God se diensknegte, maar hulle het hulle "eerste liefde" verloor – 'n algemene probleem onder diegene wat al 'n geruime tyd Christene was en hulle aanvanklike ywer verloor het nadat hulle gedoop was.

Daar vind ons 'n lewensbelangrike vermaning wat gerig is aan elkeen van die sewe gemeentes: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê" (Openbaring 2:7). Let op dat die Gees met *gemeentes* – in die meervoud – praat. 'n Probleem wat in een gemeente oorheers het, kon ook individuele lidmate in enige van die ander gemeentes beïnvloed. In die voorbeeld van die gemeente van Laodicéa het 'n louwarm gees geheers. Die vermaning om te "hoor wat die Gees aan die gemeentes sê" (Openbaring 3:22), dui daarop dat hierdie selfde louwarm houding by sommige lede in die ander gemeentes gevind kon word.

Daar is egter meer aan die gemeentes as 'n lys van probleme. Ons let byvoorbeeld op dat die kerk in Filadelfía slegs bemoedig word – geen teregwysing nie. Dit lei ons na ons vierde lewensbelangrike sleutel om die sewe briewe van Openbaring te verstaan.

**Die briewe aan die sewe gemeentes is profeties**

Indien u 'n rooi-letter Bybel byderhand het – 'n Bybel wat Jesus Christus se eie woorde in


# God se Kerk deur die eeue

***God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat "die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie" (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

rooi teks uitlig – word een kenmerk van die boek Openbaring duidelik: Die oorweldigende meerderheid van die woorde *wat uit Christus se eie mond* in Openbaring *gespreek* word, word in die briewe aan die sewe gemeentes gevind.

Ons het gesien dat Johannes in Openbaring 1 beveel is om die getuienis van Jesus Christus op te teken. Ons lees ook dat die getuienis van Jesus die gees van profesie is (Openbaring 19:10). Wat ons dus ook al in Openbaring uit Jesus se mond hoor is *profeties* van aard.

Wanneer ons Openbaring bestudeer, kan ons sien dat die onderwerp daarvan in Johannes se leeftyd begin het – geleerdes dateer die boek se samestelling tot iewers rondom 95 n.C. – hoewel dit selfs vir ons in die toekoms geld. Die waarskuwings wat Johannes opgeteken het, die toestande van die sewe gemeentes, kan vandag op enigeen van ons van toepassing wees. Daar is nog 'n dimensie aan hierdie verslag van God se diensknegte vanaf Johannes se leeftyd tot by ons toekoms. Indien u nog nie 'n eksemplaar van ons insiggewende studiegids *God se Kerk deur die eeue* aangevra het nie, moedig ek u aan om dit te doen. Daarin het die ontslape evangelis John Ogwyn verduidelik:

> **Wanneer ons na die konteks van die boek Openbaring kyk, moet ons daaraan erkenning gee dat dit primêr bedoel is as 'n profesie.** Openbaring 1:1 toon dat die doel van die boek is om aan God se knegte dinge uit te wys wat binnekort sou begin gebeur. Die sewe gemeentes behoort dus primêr verstaan te word as verteenwoordigend van die hele geskiedenis van God se Kerk in sewe opeenvolgende *eras* (bladsye 20-21).

Ja, die sewe gemeentes van Openbaring verteenwoordig gesindhede wat regdeur die geskiedenis in die Kerk van God sou oorheers. Hoofstroom "Christene" en sekulêre geleerdes probeer om die afvallige kerk wat later in hoofstuk 17 beskryf word, in hierdie briewe in te forseer maar daardie kerk pas eenvoudig nie in nie en ook nie haar hoerdogters nie.

**God se Openbaring aan ons**

Gelukkig het God die patroon van profesie aan Sy ware Kerk geopenbaar, met inbegrip van tye waardeur daardie Kerk sou gaan, soos beskryf in die boek Openbaring. Let op dat wanneer Christus terugkeer, die Kerk reeds die era sou betree het wat deur die eerste-eeuse gemeente in Laodicéa gekenmerk is. 'n Louwarm gees sal seëvier en diegene met daardie gees is blind vir hóé louwarm en selfvoldaan hulle geword het.

Selfs in daardie tydperk sal daar Christene wees wie se ywerige gesindheid, net soos die eerste-eeuse gemeente in Filadelfía, kenmerkend sal wees. Terwyl louwarm Christene – welmenend, getrou, maar siende blind – in die geprofeteerde Groot Verdrukking gewerp sal word, sal daardie Christene wat 'n Filadelfiese gesindheid behou, God se beskerming teen die komende tyd van benoudheid ontvang.

Soos ons dus kan sien, is die begrip van die betekenis van die sewe briewe aan die sewe gemeentes nie net 'n akademiese studie nie; dit is lewensbelangrik vir ons as Christene. Kom ons luister na die vermanings in daardie briewe en kom nader aan ons Verlosser in ywer vir Sy boodskap terwyl ons in geloof volhard. WvM


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Waarom leef u?*

gelowiges bymekaar te kry om te aanbid op Sy voorgeskrewe dag van aanbidding, die sewendedag Sabbat. Daar word aan ons gesê: "... en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom" (Hebreërs 10:25).

Die *Tomorrow's World Presentations* word deur ons geborg. Dit help ons om op verskeie plekke regoor die wêreld die breër publiek aan God se Kerk bekend te stel. Indien u 'n intekenaar van die *Wêreld van Môre*-tydskrif is, sal u 'n uitnodiging na enige aanbieding in u omgewing ontvang. Indien u self 'n aanbieding wil vind – dalk naby 'n vriend of familielid – kan u na die *TomorrowsWorld.org*-webwerf gaan en op "*Presentations*" klik om 'n lys van stede en datums van komende aanbiedings te sien. Ek en my mede-aanbieders van *Tomorrow's World*-uit-sendings op televisie, is sprekers by sommige aanbiedings en daar is baie ander aanbiedings wat deur ons mede-leraars van die Lewende Kerk van God aangebied word.

Namate u en u gesin met liefdevolle en getroue Christene byeenkom, sal u geestelik groei in God se liefde. Ons tieners geniet die jaarlikse Lewende Kerk se jeugkampe, waar hulle deelneem aan sport en ander buitelug-aktiwiteite. Daar word ook besprekings oor Christelike lewenswyses aangebied wat hulle aanmoedig om self die waardes van 'n vol en gelukkige lewe te ervaar wat 'n leeftyd en langer sal voortduur. Lede van die Lewende Kerk van God woon die agt dae lange jaarlikse Huttefees by op verskeie plekke regoor die wêreld. Hulle berei voor vir die wêreld van môre, wanneer alle nasies God se Bybelse Feeste sal onderhou (Sagaría 14:16).

Daar is 'n rede waarom u leef. God berei 'n glorieryke toekoms vir u en u gesin voor indien u Hom met u hele hart soek (Jesaja 55:6-7). Die Verlosser, Jesus Christus, verklaar ons doel in die lewe: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matthéüs 6:33). WvM


# Waar is God se ware Kerk vandag?

**Duisende verskillende kerklike organisasies verkondig dat hulle Jesus Christus navolg. Tog onderrig hulle duisende verskillende "evangelies" en kan oor tallose leerstellings nie ooreenkom nie.**

**Is Jesus Christus die Hoof van al hierdie kerklike organisasies? Is Christus verdeeld? Of is daar 'n ware Kerk van God wat afgesonder is van hierdie godsdienstige Babilon? Hoe kan u God se ware Kerk herken!**

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

oorsprong. Hierdie twee riviere het die wêrelde van die lewendes en dié van die dooies geskei. Charon, wat soms die Pontman genoem word, het die boot geroei" ("*Greek Mythology and Life After Death," The Collector*, 8 Maart 2023). Soos sommige ander valse idees, konsepte en terme wat ons in die Griekse mitologie vind, het hierdie uitdrukkings uiteindelik hulle weg na "Christendom" gevind.

Wanneer Christene die oorsprong en betekenis van hierdie uitdrukkings ken, behoort hulle dit dan te gebruik? Ons het elkeen 'n verantwoordelikheid om ons woorde noukeurig te beoordeel, aangesien ons verantwoordelik gehou sal word vir wat ons sê. "Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense spreek, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag" (Matthéüs 12:36).

Gesegdes soos "rus in vrede" en "heengegaan" het hulle oorsprong in valse, misleidende lerings wat in stryd is met wat die Bybel ons leer. Dit verteenwoordig 'n valse hoop volgens 'n idee wat sy oorsprong in die heidendom het. Dit is 'n idee wat absoluut hoegenaamd nie vergelykbaar is met die ware plan en doel waarvoor God ons geskep het nie. Wat 'n seën is dit nie om vanuit daardie duisternis na die lig van die waarheid geroep te word nie! Vir breedvoerige inligting oor hierdie waarheid, kan u 'n gratis kopie van *Wat gebeur wanneer u sterf?* bestel of lees dit aanlyn by *wvm.co.za.* WvM


# Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

***Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!


*Vervolg vanaf bladsy 14 – Jerusalem: Die pad vorentoe*

'n Israeliese regering wat offerandes op die Tempelberg toelaat, sal nie een wees wat deur sekulêre magte beheer word nie. Dit sal ernstig godsdienstig gemotiveerd wees. Israel is tans besig om te besluit watter soort nasie hulle wil wees. Die feit dat dokters en ander professionele persone openlik daaroor praat om die staat Israel te verlaat, is 'n aanduiding dat hulle die omvang van veranderings verstaan wat besig is om binne hulle land plaas te vind.

Daar is tans binne Israel groepe wat besig is om voor te berei vir die herinstelling van offerandes. Hulle het die nodige materiaal waarmee hulle 'n altaar kan bou, asook klere en gereedskap vir die priesterskap om die offerproses uit te voer. Hulle wag gretig op die beskikbaarheid van 'n rooi vers om geoffer te word vir die reiniging van die priesterskap en diegene wat offer (Númeri 19).

Israel vertoon deesdae 'n skerp kontras van lewensstyle. Hulle huidige stryd is uiteindelik oor watter soort nasie dit sal wees: Wêrelds versus godsdienstig of vrome Bybelse gedrag teenoor postmoderne leef-style van onbeperkte seksuele en geslagsuitdrukking. Nie een groep aanvaar die ander nie. 'n Konflik is onvermydelik. Hou aan om hierdie tydskrif te lees en na die *Tomorrow's World se TV*-uitsendings te kyk om meer te wete te kom oor die Bybel se waarskuwing met betrekking tot gebeure in die Midde-Oosterse nasies en Israel in die besonder. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 26 – Kan u die heiden heilig?*

alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode" (Deuteronómium 12:29-31).

Daarna het Hy aan hulle uitdruklike voorskrifte en verbannings gegee: "Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie" (vers 32). God het nie van plan verander met betrekking tot hierdie dinge nie en dit is nie iets wat ons kan ignoreer nie!

**Tradisies van mense of Gebooie van God?**

Baie mense verstaan dat Kersfees een van verskeie feeste van die hoofstroom Christendom is wat uit heidense godsdienstige tradisies "verchristelik" het. Die godsdienstige leiers van Jesus se tyd het dikwels toegelaat dat hulle eie tradisies God se duidelike opdragte vervang, net soos vandag se godsdiensleiers dikwels doen. Jesus Christus het egter 'n vermaning vir hulle sowél as vir ons, gehad.

Hy het reguit gesê: "Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie." Hy het vir hulle gesê: "Julle verstaan dit goed om die Gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou" (Markus 7:6-9).

Soos ons gesien het, het die veranderings wat Konstantyn en die Roomse kerk in die tweede en derde eeue aangebring het veel verder gegaan as "die wassery van kanne en bekers". God maak dit duidelik dat die gebruike wat met ander gode geassosieer word nié in die aanbidding van Sy aanbidding gebruik mag word nie en dat Hy dit nie aanvaar nie. WvM


# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Vrae & Antwoorde

**Sommige algemene uitdrukkings openbaar valse idees oor die dood en die hiernamaals**

**Vraag:** Ek het gehoor hoe mense met verskeie eufemismes (versagtende uitdrukkings) na die dood verwys en dinge sê soos “mag hulle in vrede rus”, “hulle is oorlede” en “hulle het gaan slaap”. Kom hierdie uitdrukkings uit die Bybel?

**Antwoord:** Deur die eeue heen was daar baie verskillende versagtende uitdrukkings vir die woord “dood”. Selfs Jesus Christus het een gebruik toe Hy vir Sy dissipels gesê het: “Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak” ... Toe sê Jesus reguit vir hulle: “Lasarus is dood” (Johannes 11:11, 14).

Ons kan volgens Christus se voorbeeld sien dat dit nie verkeerd is om die dood, 'n slaap te noem nie – trouens, die Skrif onderskryf hierdie spesifieke versagtende uitdrukking op verskeie plekke. Sommige ander gewilde frases wat met die dood geassosieer word, dra egter *on*bybelse betekenisse en ons behoort dit te vermy.

Een so 'n uitdrukking word gebruik wanneer mense hulle begeerte vir 'n afgestorwe persoon uitspreek: “rus in vrede”, dikwels afgekort, “RIP”. Hierdie frase mag dalk soortgelyk voorkom as die frase wat Jesus Self in Johannes 11 gebruik het maar, nogtans verwys die woorde “rus in vrede” na die onbybelse betekenis en oorsprong daarvan. Die uitdrukking kom van die Latynse, *requiescat in pace*, wat eintlik 'n gebed is dat die oorledene in die hemel saam met God mag rus, eerder as om in die hel gepynig te word *(“Meaning of Requiescat in Pace,” ThoughtCo.com*, 21 Januarie 2020).

Ons behoort te verstaan dat sulke hoop spruit uit 'n valse lering dat die ewige lewe met die dood begin. Hierdie lering word eenvoudig nie ondersteun deur die Bybel wat duidelik aandui dat die dooies geen ander keuse het *as om* te rus nie. Ons lees: “Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie” (Prediker 9:5). Die Bybel openbaar dat daar geen bewussyn in die graf is nie – almal wat gesterf het, wag bloot op die opstanding wanneer hulle weer opgewek sal word (Job 14:12-15; sien ook Eségiël 37). Daar is nie vrede of ongemak vir enigiemand wat nou in die dood slaap nie.

**Gebaseer op valse fondamente**

Nog 'n algemene versagtende uitdrukking vir die dood is die uitdrukking “oorlede” of eenvoudig “heengaan”. Hierdie uitdrukkings is ook afgelei van die valse oortuiging dat wanneer mense sterf, die siel onmiddellik “vertrek” na die hiernamaals. Die term was gedurende die vyftiende eeu in Engeland gebruik deur diegene wat geglo het dat 'n persoon se siel ná die liggaam se dood nog 'n rukkie vertoef.

> Wanneer daar vir 'n pas afgestorwe persoon 'n nagwaak gehou is, het die wat teenwoordig was geglo dat die oorledene alles kon hoor en verstaan wat gesê word. Dit is, volgens hulle, eers later, sodra die begrafnisrituele voltooi is, dat die afgestorwe persoon “heengegaan” het en die reis na die hemel óf die hel onderneem het. Die woord “heengaan” sou nie as eufemisties beskou word nie, maar bloot as 'n letterlike beskrywing van gebeure (*Phrases.org.uk*).

'n Verwante frase lui dat “hy/sy oorgegaan het” wat 'n verandering van een toestand van lewe na 'n ander toestand impliseer as gevolg van die dood. Die konsep wat betref hierdie term het waarskynlik in die Griekse mitologie ontstaan. “Die Grieke het geglo dat ná die begrafnis, die afgod Hermes, die siel na die ingang van die onderwêreld gelei het na 'n veerboot wat die gees oor die Acheron (rivier van ellende) en/of Styx (rivier van haat) vervoer het, afhangende van die

*Vervolg op bladsy 21*

# Kan u die heiden heilig?

## Deur Dexter B Wakefield

Dit lyk asof dit elke jaar gebeur – so seker as wat die winter nader kom. Te midde van die intense bemarking van Kersgeskenke deur kleinhandelaars in November en Desember, verskyn daarmee saam 'n ooglopende kontras. Ons begin gedrukte asook aanlyn-artikels sien aangaande die nié-Christelike oorsprong van baie aspekte van Kersfeesvierings. Die artikels haal dikwels ensiklopedieë en boeke aan wat die oorgang van die Romeinse heidense vakansiedag van die wintersonstilstand beskryf, wat Saturnalia genoem word en die geboorte van die songod, met die naam Mithras in die vierings van die Roomse kerk in die derde en vierde eeue uiteensit. Dink daaraan:

> Kersfees was nie een van die vroegste feeste van die kerk nie ... Kersfeesgebruike is 'n ontwikkeling vanuit tye wat lank voor die Christelike tydperk dateer – afkomstig van seisoenale, heidense, godsdienstige en nasionale gebruike en gehul in legende en tradisie (*Encyclopedia Britannica*, 1959, vol. 5, "*Christmas*," bl. 642).

Verbied die Bybel sommige van u tradisionele gebruike? Gedurende die eerste eeu het die Fariseërs tradisies gehad wat God se Gebooie oortree het. Hulle het beweer dat hulle logiese redes vir hulle foute het en vandag se teoloë doen dit ook. Die meeste belydende Christene weet byvoorbeeld dat die viering van Kersfees onbybels is – maar weet u hoe teoloë dit probeer regverdig?

**Van die god van die son tot die Seun van God?**

Die Romeinse keiser Konstantyn het verklaar dat sy ryk Christelik is. Hy moes toe die moeilike proses begin om die heidene te laat aanpas by die Roomse kerkpraktyke. Hy het dit gedoen deur wat geskiedskrywers en teoloë, *sinkretisme* noem – die vermenging van verskillende godsdienstige praktyke.

Die Romeine, soos baie ander heidense kulture, het 'n wintersonstilstand gevier. Watter doel het dit gedien? Bekende kulturele antropoloë Anne Baring en Jules Cashford merk op: "Regoor die wêreld, vir ontelbare millennia, het mense deelgeneem aan 'n godsdienstige ritueel tydens die wintersonstilstand, wanneer die son se afwaartse koers afgeneem het en dit lyk asof dit na die aarde terugdraai. Hierdie verandering in situasie in die somber hartjie van die winter, is elke jaar ervaar as die wedergeboorte van die son en was herdenk as die geboortedag van die songod, die liggewende goddelike kind" (*The Myth of the Goddess*, 1993, bl. 561).

Die meeste mense wat die Bybel lees weet dat Kersfees nie 'n Bybelse feesviering is nie. Nêrens in die Ou Testament óf die Nuwe Testament word aan ons opdrag gegee om Christus se geboortedag te vier nie en in elk geval verstaan die meeste mense dat Hy nie in Desember gebore kon gewees het nie. Die skaapwagters sou daardie tyd van die jaar nie in die veld gewees het nie (Lukas 2:8), aangesien hulle skape dan reeds lankal in hulle krale ingebring sou gewees het vir die wintermaande. Ander aanduidings in die Bybel is dat Christus heel waarskynlik in die herfs gebore is.

Kersfees is deesdae hoofsaaklik 'n wêreldse winterfees wat deur kommersiële belange gedryf word. Gevolglik hou mense daarvan om te sê: "Dit is nodig dat ons Christus terugplaas in Kersfees!" Hy was egter nóóit werklik daarin nie – met ander woorde, hoe regverdig teoloë dit om Hom daar te plaas? Een van die vernaamste maniere is die idee van "*die heiligmaking van die heiden*".

Kan heidense gebruike ooit geheilig word met die doel om die Almagtige God van die Bybel te aanbid? Die wêreld se kerke reken dit kan

gedoen word maar God Self gee 'n heel ander antwoord in Sy Woord.

**Sommige duidelike voorbeelde**

*The Story of Civilization* is 'n geskiedkundige boek wat bestaan uit elf volumes, geskryf deur die bekende geskiedskrywer Will Durant en sy vrou Ariel. Ariel. In Volume III met die titel *Caesar and Christ*, bespreek hy onomwonde die heidense invloed op die latere ontwikkeling van "hoofstroom" Christendom en gee 'n paar voorbeelde van Rome se heiligmaking van heidense gebruike. Hy het die volgende geskryf:

> *"Die Christendom het nie die heidendom vernietig nie; dit het dit aangeneem* … Die Griekse verborgenhede is oorgedra in die indrukwekkende misterie van die Mis. Ander heidense kulture het bygedra tot die saamgestelde resultaat. Uit Egipte het die idees gekom van 'n goddelike drie-eenheid, die Laaste Oordeel en 'n persoonlike onsterflikheid van beloning en straf asook die aanbidding van die moeder en kind … Uit Frigië het die aanbidding van die groot moeder gekom; uit Sirië die opstandingsdrama van Adonis … Die Mithraïstiese ritueel het so baie ooreengestem met die eucharistiese offer van die mis dat Christelike kerkvaders die duiwel daarvan beskuldig het dat hy hierdie ooreenkomste versin het om ontvanklike denke te mislei. [Nicaean] *Christendom was die laaste groot skepping van die antieke heidense wêreld"* (1944, bl. 595, beklemtoning bygevoeg).

Heidense tempels is in kerke omskep – daar was ten minste elf sulke omskeppings in Rome alleen. Standbeelde van heidense gode is omskep om Christelike heiliges voor te stel. In kuns is die stralekrans (of nimbus) wat prente van heidense gode en keisers versier het, oorgedra na uitbeeldings van Jesus en verskeie sogenaamde Christene. Die sonkalender en sy feeste het die Bybelse kalender en sy feeste vervang. Die lys gaan aan.

Kardinaal John Henry Newman, 'n invloedryke Rooms-Katolieke aartsbiskop in die negentiende eeu, het hierdie praktyk teologies gerasionaliseer toe hy die volgende geskryf het:

> "Ons word op verskillende maniere deur Eusebius ['n skrywer van vroeë kerkgeskiedenis] vertel dat Konstantyn, met die doel om die nuwe godsdiens vir die heidene aan te beveel, die uiterlike ornamente waaraan hulle in hulle eie aanbidding gewoond was, gebring. Die gebruik van tempels en dit wat aan bepaalde heiliges opgedra is ... vakansiedae en seisoene ... draai na die Ooste, beelde op 'n latere datum … is almal van heidense oorsprong en *geheilig deur hulle aanneming in die Kerk" (An essay on the Development of Christian Doctrine)*, 1845, hoofstuk 8:6, beklemtoning bygevoeg).

Die twintigste-eeuse Katolieke teoloog, Christopher Dawson het 'n selfs meer oordrewe benadering versinnebeeld toe hy geskryf het: "Die volledige heiligmaking van die heiden is die eindresultaat van die verchristeliking van die wêreld" *(The Leavening Process in Christian Culture*, 7 Augustus 1955, beklemtoning bygevoeg).

Ons behoort egter te vra: *Indien Dawson se scenario plaasvind, sal die heidendom inderdaad ver-Christelik word of sal "Christelikheid" verheidens word?*

**Het God van plan verander?**

Sommige mense neem aan dat hulle heidense gebruike in hulle aanbidding kan gebruik solank hulle dit doen om God

te eer. Het God dan van plan verander oor hierdie saak? Hy het vir ons gesê: "Want Ek, die HERE, het nie verander nie" (Maleági 3:6) en "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8). Jesus het die profeet Jesaja aangehaal wat gesê het: "Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is" (Matthéüs 15:8-9). God het nié van plan verander oor hoe Hy aanbid behoort te word nie en Christus waarsku ons dat dit moontlik is om Hom tevergeefs te aanbid.

God sê vir ons dat Hy heilig is en dat Hy Israel afgesonder het om Hom nié te aanbid deur heidense gebruike nie (Levítikus 20:6). Die apostel Petrus het dit in gedagte gehad toe hy Christene daaraan herinner het: "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig" (1 Petrus 1:15-16). Petrus het uit Levítikus 20:7 aangehaal toe hy dit geskryf het en onthou het dat antieke Israel van tyd tot tyd heidense gebruike ingesluit het in hulle aanbidding van die Allerhoogste God – praktyke wat oorgeneem is uit die aanbidding van heidense gode soos Baäl, Astárte en Molog. God het dit verbied in die eerste Gebod van die Tien Gebooie wat Hy by die berg Sinai aan die volk gegee het: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie" (Exodus 20:2-3).

Antieke Israel het – soos baie mense vandag – 'n geneigdheid tot verchristeliking vertoon deur heidense vorms van godsdiens te aanvaar in hulle aanbidding van die God van Abraham, Isak en Jakob. God het Israel immers gewaarsku: "Julle moet terdeë verniel al die plekke waar die nasies wat julle gaan verdrywe, hulle gode gedien het op die hoë berge en op die heuwels en onder elke groen boom. En julle moet hulle altare omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme met vuur verbrand en die gesnede beelde van hulle gode omkap en hulle naam van dié plek laat verdwyn. So mag julle nie doen met die HERE julle God nie" (Deuteronómium 12:2-4). Daardie waarskuwing geld nog steeds vandag vir ons. Die elemente van die heidendom kan nie verander word in die aanbidding van die Allerhoogste God nie.

Sommige mense beweer dat aangesien ons kultuur so baie dinge deel met die antieke heidene, kan ons net sowel daardie heidense verbintenisse heilig. Die name van die dae van die week is byvoorbeeld oor die algemeen van heidense oorsprong. Die oorsprong van die woord Woensdag kom byvoorbeeld van die Teutoniese god Woden en Donderdag is vernoem na die Teutoniese god Thor [mitologiese god van donder en weerlig]. Daarom redeneer sommige mense dat die heiligmaking van heidense praktyke vir die aanbidding van God nie 'n probleem behoort te wees nie, want as die één nie sonde is nie, moet die ander ook nie sonde wees nie.

Dit is egter 'n swak redenasie. Christene en heidene eet ook brood, drink water, haal asem, lag en huil. God het nie gesê ons moet nie *enige iets* doen wat die heidene doen nie. Sy spesifieke opdrag is dat ons nie heidense gode moet aanbid nie en ook nie heidense vorms van aanbidding met Syne moet meng nie!

God het vir ons 'n baie duidelike opdrag gegee toe Hy hierdie woorde geïnspireer het:

> "As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want

*Vervolg op bladsy 22*

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees" (Efésiërs 2:2-3). Ja, die duiwel het waarlik die hele wêreld verlei [mislei] (Openbaring 12:9). Dit is tans *sy* wêreld. Dit verklaar waarom ons deur die geskiedenis heen so baie probleme sien en waarom ons deesdae nie nader aan vrede is as wat ons duisende jare gelede was nie. Ons het hierdie waarheid meer as een keer aan *Wêreld van Môre*-intekenaars uitgewys – dus, wat is die punt? Waarom is dit so belangrik?

Daar is min terreine in die lewe wat die gang van ons wêreld beter aandui as hoe ons onsself vermaak. Neem as voorbeeld die uiters gewilde *Barbie*-rolprent wat die afgelope jaar meer as 'n miljard dollar se loketverkope gedurende die eerste drie weke na sy vrystelling, ingesamel het. Dit was egter beswaarlik 'n onskadelike ontsnapping in fantasie. Soos baie beoordelaars agtergekom het, was die agenda daaragter, daarop gemik om die unieke Bybelse rolle wat aan mans en vrouens gegee is, te verslaan.

Agendas was nog altyd aan die orde van die dag in vermaaklikheid. Ek het grootgeword en het na *Popeye the Sailor*-spotprente gekyk sonder dat ek op 'n jong ouderdom geweet het dat dit boodskappe vir reklame bevat om kinders, veral seuns wat groot spiere wou bou, meer spinasie te laat eet. Tabakmaatskappye het hulle produkte geskenk of vir die plasing daarvan betaal sodat miljoene kykers deftige en gesofistikeerde akteurs en aktrises op kamera sou sien rook. Miljoene mense is beïndruk deur hierdie beeld en miljoene mense het aan hartsiektes, COPD, longkanker en ander siektes as gevolg daarvan gesterf. "Realiteits"-programme is niks meer as advertensies vir produkte en vir "lewenswyses" wat onlangs nog ongekend was.

Volwassenes kan dit dalk agterkom, hoewel baie mense klaarblyklik oorreed word deur die nie-altyd-so-subtiele aanslae nie. Wat dan van ons kinders en kleinkinders? Besef hulle dat volwassenes – wat self deur die geestelike heerser van hierdie wêreld mislei is – besig is om hulle ontvanklike denke te vorm en daardeur verskeie anti-Bybelse agendas daarin laat posvat?

Die "owerste van die mag van die lug" wat vir God en Sy instelling van die gesin haat, sit agter al hierdie dinge. Slegs enkele mense erken dat Satan die verloop en die lewensweg van menslike kultuur en neigings bestuur het. Dink aan hoe suksesvol hy was om tatoeëermerke te bevorder in die gedagtes van diegene wat sy propaganda aanvaar. Dít in teenstelling met God se uitdruklike verbod (Levítikus 19:28). Hoeveel mense verstaan dit en neem besluite daarvolgens?

**Indien God almagtig is ...**

Dit is duidelik dat groot gevare wat in ons kultuur voorkom afkomstig is van die vermaak wat anti-God-agendas bevorder soos byvoorbeeld bloederige en seksuele videospeletjies, pornografie, politiek en soveel ander aspekte van "volgens die loop van hierdie wêreld" wat gedryf word deur "die owerste van die mag van die lug van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efésiërs 2:2). Indien God almagtig is, waarom laat Hy toe dat hierdie rebelse wese die wêreld na die verderf lei? Waarom keer Hy hom nie? Die antwoord word gevind indien ons verstaan wat God se algehele doel vir die mens is wat Hy openbaar in die eerste hoofstukke van die Bybel.

Die mens is nie soos enige dier gemaak nie. Dit is God se doel om die mens na Sy beeld, na Sy gelykenis te maak (Génesis 1:26-27). Ons is gemaak om as Sy kinders in Sy gesin gebore te word (Romeine 8:12-17; Hebreërs 2:12-18; 2 Korinthiërs 6:16-18). Adam en Eva het egter God se opdrag verwerp oor hoe om te leef en met die duiwel se aanmoediging het hulle self besluit wat reg en verkeerd is. God het hulle gewaarsku om dit nie te doen nie, maar God het aan hulle vrye teuels gegee om presies nét dít te doen en Hy gee tot vandag toe dieselfde morele vryheid aan alle mense. Ons wil óns sin hê en in werklikheid sê God in reaksie daarop: *Ek sal jou nie keer nie – maar verstaan dat daar gevolge sal wees.*

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.
FAITH (**kanaal 341**) van 09:00 tot 09:30 a.m.
Cape Town TV (**kanaal 263**) van 11:30 a.m. tot 12:00 p.m.

God toets ons almal om te sien watter weg ons sal kies. Ons moet leer om die verkeerde te weerstaan en te kies wat rég is. Sodoende word 'n heilige en regverdige karakter in ons gebou. Die tyd raak egter min vir die mensdom se eksperiment wat betref selfbestuur.

Jesus profeteer dat die verloop van hierdie wêreld wat aan onsself oorgelaat is, tot menslike uitwissing sal lei (Matthéüs 24:21-22). Slegs op die laaste oomblik sal God intree om die mensdom se waansin te beëindig. Eers na Christus se Wederkoms sal ons met reg kan sing: “Dit is my Vader se wêreld; hoekom moet my hart hartseer wees? Die Here is Koning; laat die hemel juig! God regeer; laat die aarde bly wees!”



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**